

16 April

Skrifgedeelte: Psalm 3

God help in nood

Dawid was 'n vluggende koning met baie vyande, maar die ergste is dat sy seun sy vyand is. 'n Mens kan verstaan dat die mense met Dawid spot. Stel u voor: 'n koning wat vlug vir sy seun. Daarom sê die mense dat daar vir hom van God nie hulp kom nie (3:3). Dawid weet egter van beter. Hy weet dat die Here rondom hom is soos daar berge rondom Jerusalem is (Ps 125). Teenoor die spot van die mense antwoord hy: *“Maar U, Here, beskerm my aan alle kante, U herstel my eer en aansien”*. Al is hy 'n vluggende mens, 'n koning sonder eer, dan getuig hy nogtans van die sorg van die Here (3:6). Teenoor die mense wat hulle blind staar teen sy vlugtelingsituasie, getuig hy dat *wanneer hy roep, die Here hom antwoord en wanneer hy gaan slaap, slaap hy goed* (3:5,6). Dawid het al beleef dat die Here hom help in nood. As hulp in benoudheid het hy talle kere op die Here vertrou. Nog nooit het die Here hom in die steek gelaat nie. Hy is diep onder die indruk daarvan dat God se belofte om vir hom 'n God te wees, elke dag waar word en nog altyd in vervulling gegaan het.

Die Seun van Dawid moes ook spot verduur toe daar gesê is: As u die Seun van God is, kom af van die kruis! Aan die kruis roep Hy selfs uit van godverlatenheid, sodat óns nooit meer deur God verlaat sal word nie. Deur die soendood van Jesus Christus kan ons verseker wees van die getrouheid van die onveranderlike God. Al ervaar ons dit nie altyd so nie, is God altyd met ons. Mense mag maar spot en mag selfs die lewe vir ons moeilik maak, maar ons weet van beter. *“My hulp kom van die Here wat hemel en aarde gemaak het”* (Ps 121).

Sing: Psalm 99:2

Dr DJS Steyn (Benoni-Noord)